afrocentric

# GEOUDITEERDE RESULTATE VIR VOLLE JAAR EN VERKLARING VAN KONTANTUITKERING

vir die jaar geëindig 30 Junie 2011

## HOOFTREKKE

- Bedryfswins 72% ↑
- Basiese wesensverdienste per aandeel 70% ↑
- Verwaterde wesensverdienste per aandeel 70% ↑
- Toename in uitkering 20% ↑

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | **Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2011 R'000** | Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2010 R'000 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **951 923** | 958 794 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **101 083** | 125 311 |
| Beleggingseiendom | **10 100** | 8 543 |
| Ontasbare bates | **609 552** | 576 438 |
| Ongenoteerde beleggings | **280** | 280 |
| Belegging in assosiate | **63 859** | 69 788 |
| Belegging in voorkeuraandele | **100 000** | 100 000 |
| Uitgestelde inkomstebelastingbates | **67 049** | 78 434 |
| **Bedryfsbates** | **291 064** | 216 871 |
| Handels- en ander ontvangbare rekenings | **93 010** | 80 123 |
| Ontvangbare rekenings vanaf assosiate en gesamentlike ondernemings | **18 039** | 14 224 |
| Kontant en kontantekwivalente | **180 015** | 122 524 |
| **Totale bates** | **1 242 987** | 1 175 665 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **726 849** | 620 286 |
| Uitgereikte kapitaal | **372 060** | 389 440 |
| Moontlike aandele uitgereik te word | **188 540** | 188 540 |
| Tesourieaandele | **(1 162)** | (610) |
| Valutaomrekeningsreserwe | **241** | |
| Uitkeerbare reserwe | **167 171** | 42 916 |
| Minderheidsbelange | **20 786** | 21 777 |
| **Totale ekwiteit** | **747 635** | 642 063 |
| **Nie-bedryfslaste** | **304 128** | 306 575 |
| Uitgestelde inkomstebelastinglaste | **37 273** | 42 443 |
| Lenings | **200 000** | 162 072 |
| Voorsienings | **41 600** | 66 067 |
| Na-aftrede mediese verpligtinge | **3 821** | 3 866 |
| Oploping vir reguitlynhantering van huurkontrakte | **21 435** | 32 127 |
| **Bedryfslaste** | **191 224** | 227 027 |
| Voorsienings | **20 378** | 18 347 |
| Handels- en ander betaalbare rekenings | **76 336** | 108 546 |
| Belasting | **8 495** | 3 224 |
| Bankoortrekking | **7 304** | 7 987 |
| Werknemervoordeelvoorsienings | **78 711** | 88 923 |
| **Totale laste** | **495 352** | 533 602 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **1 242 987** | 1 175 665 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | %-verandering | **Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2011 R'000** | Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | **1 351 254** | 1 356 331 |
| Bedryfskoste | | **(1 128 140)** | (1 226 759) |
| **Bedryfswins** | 72 | **223 114** | 129 572 |
| Ander inkomste | | **31 978** | 23 425 |
| Netto finansieringskoste | | **1 478** | (2 350) |
| Aandeel van wins uit assosiate | | **10 888** | 14 017 |
| **Wins voor waardedaling en amortisasie** | | **267 457** | 164 664 |
| Waardedaling van belegging | | **(10 266)** | (67 313) |
| Waardedaling van ontasbare bates | | **(4 958)** | (8 405) |
| Depresiasie | | **(44 170)** | (42 995) |
| Amortisasie van ontasbare bates | | **(35 542)** | (30 291) |
| **Wins voor inkomstebelasting** | | **172 521** | 15 660 |
| Inkomstebelasting-onkoste | | **(45 982)** | (18 027) |
| **Wins/(verlies) vir die jaar uit voortgesette bedrywighede** | | **126 539** | (2 367) |
| **Wins/(verlies) uit beëindigde bedrywighede** | | | (847) |
| **Wins/(verlies) vir die jaar** | | **126 539** | (3 214) |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | | **126 539** | (3 214) |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | |
| Ekwiteitshouers van die moedermaatskappy | | **117 248** | (7 413) |
| Nie-beherende belang | | **9 291** | 4 199 |
| | | **126 539** | (3 214) |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | **Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2011 R'000** | Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2010 R'000 |
|---|---|---|
| **Saldo aan begin van die jaar** | **642 063** | 653 960 |
| Uitreiking van aandelekapitaal | **5 996** | 6 912 |
| Herwaardasie van aandeelgebaseerde betalingsaanspreeklikheid | | (624) |
| Herwaardasie van tesourieaandele uitgereik | **(552)** | (610) |
| Valutaomrekeningsreserwe | **241** | |
| Aandeleterugkoop vanaf minderhede | | (14 361) |
| Dividende betaal | **(26 652)** | |
| Netto wins/(verlies) vir die jaar | **117 248** | (7 413) |
| Wins/(verlies) toeskryfbaar aan minderhede | **9 291** | 4 199 |
| **Saldo aan einde van jaar** | **747 635** | 642 063 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

| | **Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2011 R'000** | Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2010 R'000 |
|---|---|---|
| Netto kontant gegenereer (aangewend) in bedryfsaktiwiteite | **103 994** | 115 834 |
| Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit beleggingsaktiwiteite | **(88 869)** | (68 554) |
| Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite | **43 050** | (8 782) |
| **Netto kontantvloei uit voortgesette bedrywighede** | **58 175** | 38 498 |
| **Netto kontantvloei uit beëindigde bedrywighede** | | |
| **Netto toename in kontant en kontantekwivalente** | **58 175** | 38 498 |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar | **114 536** | 76 039 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar** | **172 712** | 114 537 |
| **Soos volg gerekonsilieer:** | | |
| Kontant en kontantekwivalente voorhande | **180 016** | 122 524 |
| Bankoortrekking | **(7 304)** | (7 987) |
| | **172 712** | 114 537 |

## VERDIENSTE TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITSHOUERS

| | %-verandering | **Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2011 R'000** | Geouditeer jaar geëindig 30 Junie 2010 R'000 |
|---|---|---|---|
| Getal uitgereikte gewone aandele | | **265 947 672** | 262 432 568 |
| Getal uitgereikte voorkeuraandele | | **16 638 000** | 16 638 000 |
| Geweegde gemiddelde getal gewone aandele | | **264 561 839** | 259 670 381 |
| Geweegde gemiddelde getal gewone aandele en moontlike gewone aandele | | **311 493 781** | 305 199 704 |
| **Berekening van wesensverdienste** | | | |
| **Basiese verdienste** | | **117 248** | (6 566) |
| Aangepas met: | | | |
| – Aandeelhouers vir dividende afgeskryf | | | (185) |
| – Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting | | **146** | 5 020 |
| – Waardedaling van ontasbare bates | | **4 958** | 8 405 |
| – Waardedaling van belegging in assosiaat | | **10 266** | 67 313 |
| – Wins met verkoop van bates | | **(1 226)** | |
| – Billikewaarde-winste | | **(4 466)** | |
| – Wins/(verlies) uit beëindigde bedrywigheid | | | (847) |
| **Wesensverdienste** | | **126 926** | 73 140 |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | | | |
| – Toeskryfbaar aan gewone aandele (sent) | | **44,32** | (2,53) |
| – Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | | **37,64** | (2,15) |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | | | |
| – Toeskryfbaar aan gewone aandele (sent) | 70 | **47,98** | 28,17 |
| – Verwaterde verdienste per aandeel (sent) | 70 | **40,75** | 23,96 |

## KOMMENTAAR

### INLEIDING

Die direksie bied met genoeë die Groep se geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 aan.

Die wisselvallige kommersiële en ekonomiese toestande wat die hele jaar in Suid-Afrika geheers het, het totale fokus en sorgvuldige risikobestuur van die Groep se beleggingsentiteite vereis. Die direksie het hierdie eenvoudige resep gevolg, met konsolidasie en volhoubaarheid as die bevoorkeurde pad.

Gevolglik het die besture van filiale en assosiate die uitdagings wat elke geval opgelewer het, aangepak en teen die jaareinde kon hulle met groot tevredenheid terugkyk op die resultaat van hulle pogings.

Meer besonderhede van elk van die Groep se vernaamste beleggings word in onderstaande oorsig verstrek.

### REKENINGKUNDIGE BELEID EN OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS"), Internasionale Rekeningkundige Standaard 34 (RE 500-standaarde soos deur die Rekeningkundigepraktyke-raad of sy opvolger uitgereik), die Noteringsvereistes van JSE Beperk, en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig, opgestel. Die verkorte gekonsolideerde finansiële state is op die historiesekoste-grondslag opgestel en die rekeningkundige beleid stem ooreen met dié wat vir die jaar geëindig 30 Junie 2010 aangeneem en toegepas is.

### AARD VAN BESIGHEID

AfroCentric is 'n gediversifiseerde beleggingsbeheermaatskappy in swart besit en is op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs ("JSE") in die Gesondheidsorgafdeling onder die kode: ACT genoteer. Die Groep se voorkeuraandele word ook op die JSE onder die kode: ACTP genoteer.

AfroCentric hou 'n aansienlike meerderheidsbelang in Lethimvula Investments Limited ("Lethimvula") en het sy besit gedurende die jaar tot 91,56% (2010: 87,53%) vergroot deur die koop van minderheidsaandeelbelange in daardie maatskappy. AfroCentric gaan voort om gesprek te voer met daardie Lethimvula-aandeelhouers wat hulle Lethimvula-aandele te koop aanbied. Lethimvula besit 100% van die aandelebesit in Medscheme Holdings (Pty) Limited, 'n multimedieseskema-administrateur.

Lethimvula het Old Mutual Healthcare in 2010 verkry en die afdelingsdienste van dié sakeonderneming gedurende hierdie finansiële jaar met sukses geïntegreer met Medscheme Administration en Medscheme Managed Care.

AfroCentric het 'n 27,1%-minderheidsbelang in Jasco Electronics Holdings Limited ("Jasco"), wat op die JSE genoteer is. Gedurende die jaar onder oorsig het Jasco 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Spescom Limited, 'n maatskappy wat voorheen op die JSE genoteer was, verkry. Jasco het die bedrywighede van Spescom met sukses geïntegreer en die Spescom-entiteit gedenoteer. Jasco het ook 'n belegging in Malesela Taihan Electric Cables (Pty) Limited ("M-Tec").

Jasco verskaf oplossings, dienste en produkte aan klante deur middel van drie vertikale kernafdelings: Inligtings- en Kommunikasietegnologieë, Bedryfsoplossings, en Energieoplossings. M-Tec is 'n toonaangewende vervaardiger en verspreider van veseloptiese kabels en 'n omvattende verskeidenheid krag- en telekommunikasiekabels, en voorsien onder andere in die infrastruktuurontwikkelingsvraag in markte in Suid-Afrika en op die vasteland van Afrika.

AfroCentric se eksplorasie- en prospekteerverhouding met Rio Tinto Plc duur voort ingevolge die Ooreenkoms vir Wedersydse Strategiese Samewerking.

### BEDRYFSOORSIG

Bedryfswins het met 72% tot R223 miljoen (2010: R130 miljoen) toegeneem as gevolg van die afwesigheid van vorige eenmalige herstrukturerings- en integrasiekoste. Organiese groei en die groter skaal en rasionalisasie van bokoste voortspruitend uit die Old Mutual Healthcare-verkryging het ook beduidend bygedra tot verbeterde doeltreffendhede en winsgewendheid gedurende die jaar. Lethimvula se winsgewendheid strook wesenlik met sy voorspellings, met 'n positiewe tendens in die rigting van die winswaarborgdrempels waarvolgens die prys van Lethimvula se aandele uiteindelik bepaal sal word.

Gedurende die jaar het Lethimvula al die aandele wat Lethimvula nie reeds besit het nie in Administrators and Consultants Limited, wie se vernaamste bedrywighede die administrasie van mediese skemas in Mauritius is, verkry.

AfroCentric se belegging in Jasco het verdienste van R2,1 miljoen (2010: R8,7 miljoen) en beleggingsinkomste van R7,4 miljoen (2010: R8,3 miljoen) vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 opgelewer. Nieteenstaande die uitdagende tye in die telekommunikasiebedryf het Jasco sy kernwinsgewendheid volgehou ná die verwydering van eenmalige koste verbonde aan die verkryging van Spescom Limited. Jasco het ook 'n nuwe tydvak van leierskap betree en met hertoegespitste bestuur in al drie vertikale kernafdelings waarna hierbo verwys word, is Jasco vandag 'n baie groter sakeonderneming wat goed geposisioneer is om vinniger groei in energie- en nywerheidsdienste te benut. Meer inligting oor Jasco se verdienste, bedrywighede en vooruitsigte is op SENS onder die JSE-kode: JSC beskikbaar.

AfroCentric se eksplorasie- en prospekteerverhouding met Rio Tinto Plc duur voort ingevolge die Ooreenkoms vir Wedersydse Strategiese Samewerking. Die nikkel-mynboumoontlikheid in die Noordwesprovinsie het belowende elektromagnetiese geleiers getoon wat met nikkelmineralisasie verband kan hou. Boortoetswerk sal volgens skedule in die volgende kwartaal begin.

### FINANSIËLE RESULTATE

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2011 het basiese verdienste per aandeel ("VPA") tot 44,32 sent (2011: -2,53 sent) toegeneem en verwaterde VPA het tot 37,64 sent (2010: -2,15 sent) toegeneem. Wesensverdienste per aandeel ("WVPA") het met 70% tot 47,98 sent (2010: 28,17 sent) toegeneem en verwaterde WVPA het met 70% tot 40,75 sent (2010: 23,96 sent) toegeneem.

### VOORUITSIGTE

Die direksie het 'n omsigtige benadering tot die goedkeuring van nuwe verkrygings konsekwent gevolg. Die positiewe tendens in winsgewendheid en die hernude groeipotensiaal van die Groep se meer wesenlike beleggings het egter reeds daartoe aanleiding gegee dat die Beleggingskomitee verdere beleggingsgeleenthede oorweeg.

### GEBEURTENISSE VOOR EN NA JAAREINDE

In die 2010-jaarverslag het die direksie verslag gedoen oor die verskillende prosesse wat met die Raad op Mediese Skemas ("RMS") aan die gang is met betrekking tot administrasiedienste wat Medscheme aan die Bonitas Mediese Skema verskaf. Die direksie deel aandeelhouers met genoeë mee dat die RMS, in 'n brief wat op 30 Augustus 2011 van die RMS ontvang is, bevestig het dat alle administratiewe kwessies opgelos is.

Medscheme het ook met trots gerapporteer dat twee verdere kontrakte vir die verskaffing van administrasie- en bestuurdesorgdienste aan die regering se mediese skema vir werknemers ("GEMS") gesluit is, wat die totale getal kontrakte met GEMS op ses te staan bring.

### OUDITMENING

Die Groep se finansiële jaarstate is deur SizweNtsaluba VSP geouditeer en hulle ongekwalifiseerde ouditverslag is by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ter insae beskikbaar.

### DIREKTEURE

Die direksie kondig met genoeë aan dat mev. Yasmin Masithela en mnr Garth Napier met ingang van 1 September 2011 as onafhanklike nie-uitvoerende direkteure van die maatskappy aangestel is.

### VERKLARING VAN KONTANTUITKERING BY WYSE VAN KAPITAALVERMINDERING UIT AANDELEPREMIE

Die direksie het 'n kontantuitkering van 9 sent (2010: 7,5 sent) per gewone aandeel vir die jaar geëindig Junie 2011 aan alle gewone aandeelhouers van AfroCentric verklaar.

Die belangrike datums met betrekking tot die kontantuitkering is die volgende:

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met die kontantuitkering | Vrydag, 18 November 2011 |
| Gewone aandele begin sonder die kontantuitkering verhandel | Maandag, 21 November 2011 |
| Rekorddatum van die kontantuitkering | Vrydag, 25 November 2011 |
| Betaaldatum van die kontantuitkering | Maandag, 28 November 2011 |

Gewone aandelesertifikate mag van Maandag, 21 November 2011 tot en met Vrydag, 25 November 2011 nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.

Op las van die direksie

**Michael I Sacks** GR(SA), AICPA(ISR)
Maatskappysekretaris

Johannesburg
27 September 2011

**AfroCentric Investment Corporation Limited**
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1988/000570/06)
JSE-kode: ACT, ACTP
ISIN: ZAE 000078416, ZAE 000082269
("AfroCentric" of "die Maatskappy" of "die Groep")

**Direkteure**
NB Bam** (Voorsitter), JM Kahn**, MI Sacks**#, B Joffe**, MJ Madungundaba**, Y Masithela*
AT Mokgokong**, G Napier*, WRC Holmes***
*onafhanklik nie-uitvoerend **nie-uitvoerend ***uitvoerend #maatskappysekretaris

**Geregistreerde kantoor**
Muswellweg-Suid 10, Bryanston 2191

**Borg**
Sasfin Capital ('n Afdeling van Sasfin Bank Beperk)

## SEGMENTELE ONTLEDING

| | **Geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2011** | | | Geouditeerde resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2010 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Inkomste R'000** | **Wins voor belasting R'000** | **Totale bates R'000** | Inkomste R'000 | Wins voor belasting R'000 | Totale bates R'000 |
| Gesondheidsorgadministrasie | **1 351 254** | **185 094** | **874 384** | 1 356 331 | 17 144 | 836 519 |
| Elektronika (insluitende beleggingsinkomste) | **–** | **2 147** | **–** | – | 8 657 | – |
| Tesourie-aktiwiteite | **–** | **8 049** | **110 272** | – | 9 034 | 110 388 |
| Ander (insluitende tussensegmentuitskakelings) | **–** | **(22 768)** | **258 331** | – | (19 175) | 228 758 |
| | **1 351 254** | **172 521** | **1 242 987** | 1 356 331 | 15 660 | 1 175 665 |

ince.motiv